Salig is hy wat aan die Goddelike maaltyd deelneem

Teks: Lukas 14: 15 - 24
Teksvers: Lukas 14: 15

1. Inleiding

Geliefdes wat kry prioriteit in ons lewens? En dit mag dalk klink of ons weer maar net by dieselfde storie gaan stilstaan. Maar kom ons staan vanoggend bietjie terug en dink oor hoë hierdie komplekse saak werk. Ons almal sal vinnig saam stem dat daar verskeie eksterne en interne faktore is wat inwerk op hierdie saak.

Die eerste faktor is seker die omgewing en ekonomie. Baie keer sien ons items in ons lewens as luukshede. En dit is maar net logies dat daar in swaartye afgeskaal sal word op luukshede. Wat help dit ’n mens is besig om te sterf van honger terwyl jy jou luuksheid geniet. Die vraag bly natuurlik wat as luukshede beskou moet word?

’n Tweede Faktor kan natuurlik ouderdom wees. Op verskeie stadiums van ’n mens se lewens is verskeie sake belangrik. Vir jongmense is dit belangrik om die regte lewensmaat te vind. Vir getroudes met kinders is die opvoeding en welstand van hulle kinders baie belangrik. Vir ouer mense is hulle gesondheid dalk eerder van belang ens.

Maar hoekom hierdie vraag oor prioriteite? Vanoggend in ons voorbereidingsdiens sien ons die maaltyd in die koninryk van God. Die versugting of ons kan amper sê die skimp om uitgenooi te word na die maaltyd word in ons teksvers weer gegee. En dan antwoord Christus op hierdie versugting met gelykenis. ’n Gelykenis oor verskonings om juis nie aan die Goddelike maaltyd te kom deelneem nie. Kom ons luister na hierdie verskonings, sodat ons dit ook in onsself kan herken tydens die week van verootmoediging wat vir ons voorlê.

2. Wat is die maaltyd in die Koninkryk van God

Die persoon wat die versugting in ons teksvers uitspreek is nie verkeerd nie. En daarby is die punt wat hy maak belangrik. Dit is eerstens duidelik daaruit dat Jesus hom nie verkeerde bewys of stilmaak nie. Maar tweedens is dit ook belangrik, so belangrik dat Jesus onmiddelik op die saak uitbrei in die vorm van ’n gelykenis. Die man wat aan die maaltyd in die koningryk van God deelneem is inderdaad gelukkig. Maar hierdie man en die ander gaste besef nie wat dit beteken om aan die maaltyd deel te neem nie. Daarom is die punt van hierdie gelykenis uiteindelik die insluiting en uitsluiting van mense by hierdie tafel.

Maar wat is hierdie groot maaltyd? Die eerste eienskap van hierdie maaltyd is dat dit nie ’n oop vir almal of enige iemand welkom maaltyd is nie. Nee, dit is ’n ekslusiewe geleenteheid waarheen net genooide gaste mag gaan. Maar hierdie is nie die enigste plek in die Bybel waar ons van hierdie maaltyd lees nie. Ons lees in Openbaring 19 vers 9 “Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.” En ons weet dat die Bybel dikwels die beeld van die bruid gebruik om na die kerk te verwys terwyl die bruilofsmaal na die wederkoms verwys. Dus is hierdie maaltyd die fees wat gevier word wanneer die gelowiges met die wederkoms die koninkryk van die hemel beëerf en vir ewig saam met die Here leef.

Maar soos met enige aardse bruilof is die onkoste vir hierdie feesmaal ook hoog. Dit is baie hoog. Dit het die lewe van Jesus Christus gekos. Want ons kon as sondige mense nie hierdie heilige fees bywoon nie. Maar omdat Jesus Christus ons skuldlas op hom neem is ons nou heilig. Daar is redding vir ons. En daarom kan ons ingesluit word by die mense wat wel hierdie feesmaal mag bywoon. Die vraag het van ’n Jood gekom, ’n kerk mens van die tyd. En meeste bronne is dit eens dat

die eerste groep uitgenooides in die gelykenis na die Jode verwys terwyl die tweede groep mense na die heidene verwys.

3. Waarom dink ’n mens ’n verskoning uit

Maar net omdat ’n mens uitgenooi is na ’n bruiflofsmaal beteken dit nie dat jy dit noodwendig sal bywoon nie. Wie van ons ken nie hierdie proses van oorweging nie. Eers word die kalender gefynkam. En dan word die verhouding of vriendskap met die betrokke persoon wat trou geweeg. Hoe swaarder hierdie verhouding weeg, hoe beter is die kans dat ek dit sal bywoon. Want ons almal weet dat tyd een van die beperkte hulpbronne in ons samelewing is. En daarom is daar baie sake wat heeltyd vir my tyd meeding.

In die gelykenis sien ons ook hierdie verskynsel duidelik. Want van af vers 18 tot 20 lees ons van al die verskonings wat die mense aanbied. Waarom hulle nie kan kom nie. Die eerste persoon het ’n eiendomstransaksie wat sy aandag nodig het. En ons almal weet tog tot vandag toe wat die waarde van die regte eiendom is. ’n Ander een het osse gekoop. Die werktuig van dit tyd. Ons kan dit vandag met gereedskap vergelyk. Dit wat nodig is om ’n mens se werktaak te verrig. En ons almal weet dat ’n mens in hierdie kompeteerde ekonomie vaardig moet wees met jou gereedskap wat dit ook al mag wees. Maar die beste verskoning is seker die laaste een. Die persoon het besluit om sy eie huwelik in tussen te hou, en nou wil hy eerder aandag gee aan sy eie vrou.

Alhoewel nie een van hierdie genoemde dinge sleg of ’n sonde is nie, is daar tog ’n probleem. Ons sien dat die gasheer se geduld opraak. En dan los hy die mense om maar besig te wees met hulle eie sake. Dit verhouding tussen die gasheer en die gaste dra nie veel gewig in die oë van die gaste nie. Wanneer daar net ’n geringe ander saak opduik moet die feesmaal maar agteruitstaan.

Hoe lyk ons verhouding met die Here vandag. Is dit die ding waaraan ek aandag gee as al die ander sake in my lewe klaar aandag gekry het. Wanneer my eiendomsportefeulje uitgesorteer is, wanneer my loopbaan op koers is of wanneer al my gesinsverhoudinge klaar aandag geniet het. Sien ek die belangrikheid in my prioriteite in my bywoning van die Heilige Nagmaal? Het ek vergeet wat die prys vir die toegang tot die maaltyd was?

4. Daar is nog ’n kans om deel te word van die maaltyd.

Tog kanselleer die gasheer nie bloot die maaltyd weens ’n gebrek aan belangstelling nie, soos ons gewoond is vandag nie. Hy stel nie maar bloot die funksie af en beweeg aan nie. Nee, want die gasheer is die Here. En die genade van die Here is groot. Regdeur die Bybel sien ons Sy geduld met ’n wederstrewige volk. Ook in hierdie gedeelte van die Lukas evangelie, kry ons telkens in die gelykenisse te doen met die genade.

Die gasheer stel nie die feesmaal af nie. Maar die gastelys verander. En hierdie verandering is nie maar bloot ’n B lys wat gevra word wanneer die A lys nie kan opdaag nie. Nee ons sien dat die hele A lys se toegang gekanselleer word in vers 24. Soos ons reeds gesê het, was die A lys die Joodse gemeenskap waaruit Jesus Christus gebore is. Die tweede lys is die ander volke van wêreld en dan laastens ook die swak en verstote mense op die rand van die samelewing. Ons is heel duidelik deel van die ander volke.

Die uitnodiging na die sakrament van die Heilige Nagmaal kom ook na jou en my vanoggend. En ons moet ons antwoord mooi oorweeg. Want net in die volgende perikoop in Lukas word die eise vir dissipelskap verduidelik. ’n Mens begin nie sommer ’n gebou, bou sonder om die koste te bereken nie.

Maar ons moet ook nie vir ’n oomblik dink dat die tweede lys gaste anders hanteer sal word as die eerste lys nie. Hulle sal ook nie wegkom met verskonings nie. Want daar sal ’n tyd kom wanneer dit te laat is om jou prioriteite reg te kry. Wanneer elkeen van ons hierdie aardse lewe moet groet. Wanneer die dinge waaraan mense eerder aandag gee so leeg en doelloos lyk.

Daarom moet ons vandag weer hierdie uitnodiging met erns opneem, want die prys is

reeds betaal vir ons toegang. En die prys is besonder hoog.

5. Slot

Ten slotte kom ons terug na die vraag oor ons prioriteite aan die begin. En soos ons reeds gesien het is daar faktore van buite wat ons keuse in die lewe beinvloed. Ons het eerstens verwys na die ekonomie. En die prys van luukshede. Wat in hierdie opsig van belang is, is dat my geloofslewe nie ’n luuksheid is nie. Om na die feesmaal te gaan is nie ’n luuksheid nie. Want die wat nie binne gaan na die hemelse feesmaal nie, staan nie maar net buite rond nie. Hulle gaan ook nie aan met ander sake nie. Nee hulle word in die Hel gewerp. Daarom sê die Bybel ook vir die persoon wat ekonomies oor die saak wil dink die volgende in Matteus 10:28 "[28]Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.”

’n Tweede saak is ons ouderdom. En baie keer sal mense sê ek sal eendag aan my geloofslewe aandag gee wanneer ek oud is. Ek gaan mos nie nou al sterf sê hulle nie. Baie keer wil mense eers darem hulle lewe bietjie geniet. Maar is ’n lewe waarin ek die Here nie dien nie, werklik ’n lewe van vreugde. Luister wat Psalm 37 vers 4 sê: "[4]Vind jou vreugde in die Here,
en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.”

Dit is waar dat ons vandag in ’n wêreld met uitdagings leef. Om jou geloofslewe ’n prioriteit te maak is lankal nie meer mode nie. Daarom sien ons ook vandag so min ywer wanneer dit by geloofsake kom. Selfs by sake soos die sakrament van die Heilige Nagmaal volgende Sondag. Maar ons kan steeds die Here dien. En deur genade kan ons ook eendag deel hê aan die feesmaal in die koningryk van God. En watter vrugte sal dit nie wees nie.

Amen.